# PRAKTIESE UITWERKING VAN MINISTER VAN FINANSIES SE BESLUIT OM BTW OM TE KEER

**Tshwane, 25 April 2025** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, erken die besluit deur die minister van finansies, mnr. Enogh Godongwana, om die beplande 0.5%BTW-koersverhoging, wat op 1 Mei 2025 sou intree, om te keer. Die besluit het aansienlike praktiese implikasies vir BTW-ondernemers en verbruikers. As die administrateur van alle nasionale regeringbelastingmaatreëls, sal SARS sorg dat die nodige aanpassings gemaak word om hierdie verandering te akkommodeer.

Die kommissaris weet ook dat ondernemers en verbruikers belê het in voorbereiding vir 'n BTW-verhoging in 'n tyd van onsekerheid te midde Parlement se beraadslagings en publieke kommentaarlewering.

Ingevolge die minister se persverklaring wat die terughouding van die BTW-verhogingkoers aangekondig het en die publisering van Regeringskennisgewing nr. 6157 van 24 April 2025, wat die koerse en monetêre bedrae en die wysiging van die Wetsontwerp oor Inkomstewette in Parlement aangekondig het, sal die volgende maatreëls op alle BTW-ondernemers vanaf 1 Mei 2025 van toepassing wees:

1. BTW-ondernemers wat nie die koersverandering geïmplementeer het nie, moet alle ontwikkeling in hierdie verband stop.
2. Ondernemers word verwag om BTW te hef teen die koers van 15%, en nie 15.5% nie, op die toepaslike goedere en dienste ingevolge die BTW-wet. Ondernemers kan die beperkte tyd gebruik om hulle stelsels vervolgens aan te pas en die BTW te rapporteer en te betaal.
3. Sou 'n ondernemer nie na die 15%-koers kan terugkeer as gevolg van ingewikkelde stelselveranderinge nie, moet sodanige leweringe en aankope gerapporteer en voor bereken word teen die 15.5%-koers tot sodanige tyd wat hulle die nodige stelselaanpassings kan maak, wat nie later as 15 Mei 2025 voltooi moet wees nie.
4. BTW-transaksies wat teen 15.5% gehef word, moet in afdeling 12 (vir uitsetbelasting) en afdeling 18 (vir insetbelasting) van die BTW-opgawe gerapporteer word.
5. Aanpassing in die vorm van terugbetalings van die 0.5%-koers aan kliënte en van leweransiers moet ook so in afdelings 12 en 18 afsonderlik gerapporteer word.
6. Die BTW-opgaweverklarings wat gemaak word sal in berekening gebring word wanneer verifiërings en/of oudits op die betrokke BTW-belastingtydperke uitgevoer word.

7. Die BTW-opgawes wat ingedien moet word sal steeds die BTW outomaties bereken met die 15%-koers van belastingtydperke of maande, vanaf 1 Mei 2025.

8. Ondernemers wat reeds beide die koersveranderinge en die nulkoers geïmplementeer het, word aangemoedig om sodanige veranderinge voor 1 Mei 2025 om te keer.

Kommissaris Edward Kieswetter het gesê: “Ek verstaan die ingewikkeldheid en verwarring wat uit hierdie proses ontstaan het. SARS sal hulle beste doen om verdere helderheid te verskaf om sekerheid van verpligtinge vir alle ondernemers te skep."

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.